BARTON

Motorversekering • Huisversekering • Besigheidsversekering • Reisversekering

Bestuurderslisensie en voertuigvereistes vir woonwaens en sleepwaens

Ken u die jongste regulasies oor die sleep van woon- of sleepwaens. Sonder die regte lisensie kan enige eis in geval van ’n ongeluk afgekeur word.

Bestuurders met ’n kode B- of C-lisensie na die omskakeling kan verkeerd aanneem dat hulle ’n woonwa of sleepwa met ’n brutovoertuigmassa (BVM) van 750 kg of meer kan sleep. Die regulasies bepaal dat bestuurders met ’n kode B- of C-lisensie net ’n sleepwa (of woonwa) met ’n brutovoertuigmassa (BVM) van 750 kg of minder kan sleep. Vir enige groter sleepwa of woonwa is ’n kode EB-lisensie nodig. Persone met ’n kode EC1- of EC-lisensie kan ook groter sleepwaens of woonwaens (meer as 750 kg) sleep. Die “E” in die kode (EB, EC of EC1) dui aan dat die bestuurder ’n sleepwa/woonwa van meer as 750 kg mag sleep. Die wetgewing is al ’n geruime tyd van krag, maar baie bestuurders is nie bewus van dié vereiste nie.

Hoe om te voldoen aan die vereistes:

Bestuurders met ’n kode B- of C-lisensie, wat ’n sleepwa of woonwa van meer as 750 kg wil sleep, moet aansoek doen vir die toets en moet die toets slaag, om ’n kode EB-, EC- of EC1-lisensie te kry.

Vir meer inligting skakel ons gerus by: 0860 88 88 11

Vriendelike groete,
Die Barton-span

Tel: 0860 88 88 11 E-pos info@barton.co.za Webadres: www.barton.co.za
Posadres: Posbus 72444, Parkview, 2122
FDV 5254 Reg. 93/05378/07
Direkteur: GC Swanepoel FIA Lid: 010000461

BARTON